# Paarlberg 2022

| ROETE: | Sirkelroete op Paarlberg | DATUM: | 29 Oktober 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Saterdagoggend het 13 van ons by Meulwater bymekaargekom. Admin is gou-gou afgehandel en die weer was perfek vir die stap. Ons is eers na die waterval en toe op met die paadjie tot by Oukraal. Hier het ons 'n ruskans geneem. Dit was nogal warm! Ons het by Oukraal regs gedraai met die pad en weer links net voor die Telkom toring. Ons is bult op en bult af tot by 'n heerlike rots oorhang waar ons teetyd geniet het. Vandaar is ons tot by die agterste baken met uitsigte van Tafelberg, Ruitersvlei en as jy baie skerp links kyk en jou kop effe tilt kan jy amper vir Spice Route sien. By Krismiskamp het ons besluit om n vroeer middagete te neem aangesien ons hier in die koelte kon vertoef. Vandaar is toe met die paadjie na Bretagne- en Gordonklip. Ons stap rustig die 365 trappies na bo en agv die hitte wou niemand opgaan na Bretagneklip. Vandaar is ons na Paarlrots en het die mooi uitsigte geniet. Hulle het ook onlangs die kanon bo-op Paarlrots geskuif en dit is nou makliker toegangbaar. Vandaar is toe deur die tuin terug na ons motors - dit het ons n volle 40 minute geneem. Ons was teen 14:00 terug by die motors en baie bly om uit te son te kom. Oktober maand word nie verniet die mooiste maand genoem nie - dit is oral opvallend in Paarl reservaat. 11 van die 13 stappers het na die tyd koue bier gaan drink by Copper Club. Die weer en pragtige veld met geelblomme het beslis ons dag gemaak en ons het 'n volle 18km gestap. Baie dankie aan Werner Booyens wat die stap gelei het en dankie aan Brenda vir die reelings. Meters gestyg = 585m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 5 | 18 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 5 | 18 | |
| Steph du Toit | 2022001 | R 5 | 18 | |
| Esther Warnich | 2022092 | R 5 | 18 | |
| Beulagh Keulder | 2022021 | R 5 | 18 | |
| Lecia Gerber | 2022003 | R 5 | 18 | |
| Estelle Zietsman | 2022018 | R 5 | 18 | |
| Helen Kriel | 2022053 | R 5 | 18 | |
| Liesl du Plooy | 2022024 | R 5 | 18 | |
| Gerrit Nortje | 2022033 | R 5 | 18 | |
| Mariette Nortje | 2022032 | R 5 | 18 | |
| Johan Vorster | 2022109 | R 5 | 18 | |
| Magda le Roux | 2022094 | R 5 | 18 | |
| | | | | |
| **TOTALE:** | | **R 65** | **234** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | nvt |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Brenda Sideratos |
|---|---|